# Die plek en funksie van bestuur in die kerk

A.A. van den Berg & J. Kroon
Skool vir Ondernemingsbestuur
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: onbepb@puknet.puk.ac.za

**Abstract**

**The place and function of management in the church**

*In this article attention is given to general management as a solution to the current management problem in congregations. Management as a science is not unfamiliar in the church, but it has merely been neglected. The meaning of the term "church" as used in both the Old Testament and the New Testament is examined. Management within the church will have to uphold the nature, being, character, purpose and structure of the congregation according to the Word of God. Management will have to be a process by which believers continuously engage in congregational activities, try to use human and other resources as efficiently as possible, in order to fulfil all the ministry needs of the congregation and to achieve specific goals. To be able to achieve this, the basic management tasks of planning, organising, activating and controlling have to be undertaken. The church should apply management principles to enable the church to become what it should be according to the will/intention of God.*

## 1. Inleiding

Gemeentes het, soos die res van die wêreld, ook nie verandering vrygespring nie en sal bestuur moet word tot bedieningsvernuwing. Die kerk sal gevolglik 'n paradigmaverskuiwing moet maak ten opsigte van bediening in die algemeen. Leraars en lidmate sal vir hierdie taak toegerus moet word. Die gemeente sal, om effektief te funksioneer, 'n bestuursproses moet ontwikkel. 'n Bestuursproses sal daargestel moet word deur gebruik te maak van die teorie van bestuur as wetenskap. Die bestaansrede van gemeentes, soos deur die Woord van God bepaal, is dieselfde vir alle gemeentes. Gemeentebestuur behoort 'n proses te wees waardeur gelowiges, as mense in aktiewe gemeentediens wat voortdurend besig is met gemeenteaktiwiteite, probeer om menslike en ander hulpbronne so doeltreffend moontlik te gebruik ten einde in alle bedieningsbehoeftes van die

gemeente te voorsien en om spesifieke doelstellings te bereik. Die basiese bestuurstake, naamlik beplanning, organisering, aktivering en beheer, word gebruik en prakties toegepas as bestuurshulpmiddel (Van den Berg, 1998:153).

## 2. Uitgangspunt

Algemene bestuur is die funksie wat gemoeid is met die bestuur of leiding van die gemeente in sy totaliteit, asook leiding binne elkeen van die gemeentefunksies (Marx *et al.*, 1991:273). Om die gemeente se bestuursdoel te bereik, sal gemeentebestuur doelmatigheid en doeltreffendheid in hulle algemene bestuursprogram as prioriteit moet stel. Die taak van bestuur in gemeentes sal onder andere wees om individue in diensgroepe te organiseer. Die organisering sal op so 'n wyse gedoen moet word dat vooropgestelde doelstellings bereik kan word. Hierdie doelstellings sal bereik moet word deur so min as moontlike menslike hulpbronne en kapitaal te gebruik. Verder sal 'n gemeente in sy algemene bestuurstaak goeie samewerking tussen lidmate en lidmate in groepe moet bevorder. Kommunikasie op alle bestuursvlakke is 'n sleutel ter bereiking van gemeentelike doelstellings. Die primêre funksie van gemeentebestuur sal sodanig moet wees dat dit nie die vrymagtige werking van die Heilige Gees aan bande lê nie (1 Kor. 12). Die gemeentebestuursproses sal gelowige mense met die gawe van bestuur toelaat om:

- 'n visie en missie vir die gemeente te formuleer
- 'n waardesisteem uit die Woord vir die gemeente te formuleer
- doelstellings en doelwitte vir die gemeente te bepaal
- 'n plan op te stel om dit alles te laat gebeur.

In hierdie artikel word op die algemene bestuur van 'n gemeente gekonsentreer en baie min aandag word aan strategiese bestuur gegee.

## 3. Doel

Die doelstelling van hierdie artikel is om deur middel van die teorie van bestuur as wetenskap die plek en funksie van bestuur in gemeentes te bepaal.

Om die doelstelling te bereik, behoort doelwitte van die gemeente ondersoek en nagevors te word. Die doelwitte kan onder die volgende hoofpunte saamgevat word:

- Om 'n Skriftuurlike begronding van bestuur in die gemeente te gee; dit is om die voorkoms van die term *bestuur* in die Bybel te ondersoek.
- Om beplanning van die gemeente te doen deur doelwitte te stel en planne te ontwikkel vir die implementering van hierdie doelwitte, naamlik om te bepaal wat gemeentes wil bereik en hoe dit bereik gaan word.

- Om die gemeentes te organiseer, dit wil sê om die beplanningsaktiwiteite aan die gang te sit, 'n organigram vir dienste te ontwikkel en hulpbronne wat nodig is om doelwitte uit te voer, te identifiseer.
- Om die gemeente te aktiveer deur die lidmate se gedrag te beïnvloed en hulle optrede te lei in 'n bepaalde rigting om gemeentedoelwitte te bereik.
- Om beheer oor gemeentes uit te oefen deur prestasiestandaarde te stel waaraan prestasies van alle betrokkenes gemeet kan word en om regstellend stappe te neem om afwykings reg te stel.

## 4. Skriftuurlike begronding van bestuur in die gemeente

### 4.1 Die gemeente – sy wese en sy roeping

Die eie aard en uniekheid van 'n gemeente lê in sy wese. 'n Gemeente is nie maar net 'n toevallige sosiologiese samestelling en groepering van mense nie. Volgens die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, het die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitverkies, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en sal ek daarvan 'n lewende lid wees en ewig bly (Rossouw, 1982:44-45).

### 4.2 Die kerk in die Ou Testament

Die volk wat God in die Ou Testament uitroep en uitverkies, is die volk Israel. So word Israel God se eiendomsvolk. Die volk neem as eiendomsvolk 'n bepaalde gestalte aan in die Ou Testament. Die volk is God se volk wat hy uitlei as geroepenes en verlostes uit Egipteland, die plek van slawerny (Eks. 19:5-6). Wanneer die Here God sy volk in Kanaan gevestig het, laat hy vir hom 'n tempel op Sionsberg bou (1 Kon. 5-6). Die volk van God, die volk as geheel, kry die opdrag van God om op gesette tye saam te kom vir spesifieke godsdiens-oefeninge. Die tempel word nou 'n bepaalde plek waar die gemeente van die Here op vasgestelde tye moet saamkom om die Here te dien (Jackson, 1982:4).

Van 'n gemeenskaplike byeenkoms wat moontlik as eerste aanwysing van 'n openbare erediens in die Ou Testament beskou kan word, word 'n aanduiding gevind in Genesis 4:26. Hierdie samekoms van die volk van God word omskryf met *eda* en *qahal*. *Eda* beteken sinagoge en *qahal* is die ekwivalent van *ekklesia*, dit is samekoms. In Levitikus 4:13-15 en 8:3-5 dui hierdie woorde op mense wat met kultiese handelinge besig is. Dit staan as die volk of vergadering van God bekend.

### 4.3 Die kerk in die Nuwe Testament

Die benaming wat in die Nuwe Testament vir die volk van God gebruik word, is dieselfde begrip as in die Ou Testament, te wete *ekklesia*. Die begrip kry egter 'n

byvoeging *Tou Theo en Christo* – van God en Christus (Jackson, 1982:6). Dieselfde bekende begrip word gebruik, maar met die aanduiding van die nuwe betrokkenheid, naamlik in Jesus Christus. Die nuwe bedeling wat met Christus begin het, het te doen met die nuwe bedeling van die een volk van God tot en met die wederkoms. Die betrokkenheid van die een gemeente van God is geopenbaar aan Christus (Ef. 1:22-23), almal (Ef. 2:12), die vreemdelinge of heidene (Ef. 2:13), die ou en nuwe volk van God (Ef. 2:14) en die Heilige Gees (Jackson, 1982:6-10).

## 4.4 Die kerk: 'n kubernetiese perspektief

Kubernetiek of bestuur is een van die diensmodi in gemeentebou. Die bestuursmodus sal van so 'n aard moet wees dat elke lid van die gemeente sal belewe dat hy nodig is en die volle geleentheid tot diensbaarheid in volle mate gebied word. Die Heilige Gees gee 'n bepaalde struktuur betreffende die aktiwiteite en dienste van die gemeente (1 Kor. 12-14). Daar kan van 'n gegewe dienstestruktuur of 'n gegewe charismatiese struktuur tot diens gepraat word (Jackson, 1982:316-362). Die bestuur van die gemeente sal sodanig moet wees dat dit elke gemeentelid die geleentheid sal bied om sy gawes produktief aan te wend tot diens (Hendriks, 1992:105-106 en 113-114).

## 4.5 Bestuur as term in die gemeente

Die gebruik van die term *bestuur* in die gemeente word nog nie algemeen aanvaar nie. Die meer aanvaarde term in die kerk is *regeer* (Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, artikel 16; 1 Tim. 5:17 – Ou Vertaling; Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 32). Die funksie van die term staan in noue verband met die regerende dienswerk van die ouderling in sy geheel. Die 1983-vertaling van die Bybel het die oorspronklike Griekse woord vir regeer, anders vertaal, naamlik beheer (in 1 Tim. 3:4-5; 3:12) en leiding gee (in 1 Tim. 5:17). Die bedoeling van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, artikel 16, is dat die ampswerk van die ouderling in afhanklikheid van Christus gedoen moet word. Die diensterrein word in die woord *bestuur* beter uitgedruk. Dié woord word in die 1983-vertaling van die Bybel met *bestuur* vertaal. In Lukas 12:42 word dieselfde woord as in Titus 1:7 met *bestuurder* vertaal. In Lukas word die woord met *verstandige* of *getroue bestuurder*, wat 'n slaaf is, vertaal. Die verband waarin die woord bestuurder hier vertaal word, gee uitdrukking aan die betekenis van om *dienskneg* of *rentmeester* te wees; dit is om diens te lewer aan die Here en sy volk (Grundman, 1968:267).

In die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 30, word die volgende gesê : "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in Sy Woord geleer het, geregeer moet word". Die woord *bestuur* is dus nie werklik vreemd in kerklike of gemeentelike taal nie. Dit kan aanvaar word as 'n goeie vertaling wat uitdrukking wil gee aan dit wat in die

presbiteriale stelsel van kerklike bestuur beoog word. Hierdie amp is dié van die *opsiener* (1 Tim. 3:1-7) in die Ou Vertaling en *ouderling* in die Nuwe Vertaling. Die term dui veral op die regering deur die ouderling. Hierdie term het sy oorsprong van 'n ontwikkeling uit die sinagoge waar die oudstes die leiding geneem het en die bestuur gevorm het. Hierdie oudstes word in die Christelike gemeentes die ouderlinge genoem. Die woord in die grondteks is vir sowel oudste as ouderling dieselfde, naamlik *presbuteroi*. Paulus maak geen onderskeid tussen die term ouderling en opsiener nie (Hand. 20:17 en 28; Fil. 1:1). Dit is wanneer iemand slegs draer van en instrument in God se hand is, dat daar van gesag sprake kan wees (Groenewald, 1977:40-45).

## 4.6 Die bestuursproses

Gemeentebestuur behoort 'n proses te wees waardeur lidmate met die gawe van bestuur, menslike en ander hulpbronne so doeltreffend moontlik gebruik ten einde in bepaalde gemeentebehoeftes te voorsien en spesifieke gemeentedoelstellings te bereik. Die teorie van bestuur sal aangepas moet word om die gemeente se doel te bereik. So 'n doelstelling kan byvoorbeeld wees om te bepaal dat die diensgroep vir evangelisasie, binne drie jaar in elke meenthuiskompleks in die gemeente 'n selgroep moet vestig. Gemeentebestuur mag in hierdie proses nie die Heilige Gees bedroef deur die funksionering van die gawes aan bande te lê nie (Jackson, 1982:164-239). Die ware betekenis van diens sal altyd in gedagte gehou moet word. 'n Visie vir die gemeente sal geformuleer moet word. 'n Waardesisteem vir die gemeente en die formulering van 'n missie is dan van belang (Burger, 1991:73-95;123-145). Die vestiging van diensgroepe om behoeftes te bevredig, sal gedoen moet word.

Die toepassing van algemene bestuursbeginsels moet plaasvind (Bovee *et al.*, 1993:169-692). Die skematiese uiteensetting van die gemeente se organisasiestruktuur en die identifisering van bestuurders op alle gemeentelike bestuursvlakke is noodsaaklik (Koekemoer, 1993:21). Die gemeentebestuurders wat geïdentifiseer is, behoort, volgens Marx *et al.* (1991:273-300) toegerus te word om:

- die basiese en bykomende gemeentebestuurstake toe te pas
- te sorg vir deelnemende bestuur
- toe te sien dat lidmate die kern bestuursverantwoordelikhede en
- bestuursrolle te vul en as gawe op te neem as diens in die gemeente
- voortdurend bestuursvaardighede aan te leer vir gemeentelike toepassing
- mee te werk tot die bereiking van die gemeente se doel
- die proses van gemeentebestuur te meet aan doelmatigheid en doeltreffendheid.

Gemeentebestuur word volgens Lindgren (1992:60) beskou as doelmatige gemeente-administrasie in die betrokkenheid van die gemeente by die ontdekking van sy wese en sy missie en om op 'n samehangende en omvattende

wyse te beweeg na die voorsiening van ondervinding in die benutting van hulpbronne en personeel in die bekendmaking van God se liefde aan alle mens.

## 4.7 Die plek en funksie van bestuur in die gemeente

Bestuur is die een dienswerk wat van toepassing behoort te wees in die toepassing van al die ander. Die basiese bestuurstake is daardie aspekte van bestuur wat gemeentelike leierskap moet gebruik as gawe deur die Heilige Gees tot diens aan die kerk. Hierdie dienswerk word deur die woord *kubernesis* in 1 Korintiërs 12:28 omskryf (Pop, 1978:290-297). Die gawe van bestuur omskryf 'n dimensie van leierskap. Die betekenis van die woord verwys na administrasie, bestuur, leierskap, iemand wat die orde hou of soos die stuurman van 'n boot, die koers bepaal. Die vroeë kerk is dikwels as 'n skip voorgestel. Christus is as die stuurman van die skip voorgestel. Die belang van die vertaling in 1 Korintiërs 12:28 is dat dit soos in gereformeerde kringe die regerende funksie van die ouderling daarvan aflei – 'n stuurmansfunksie. Volgens Korintiërs het dit die betekenis van bestuur. Bestuur is nie 'n nuwe tendens in die kerk nie, dit was net verwaarloos (Nel, 1994:67).

## 5. Beplanning van die gemeente

Elke gemeente moet doelbewus beplan. Die kerkraad moet beplan om tred te hou met die veranderende omgewing waarin die gemeente hom bevind en toenemend gaan bevind. Tydens die beplanningsproses moet lidmate se behoeftes voortdurend bepaal word. Deurlopende bepaling van watter gawes in die gemeente reeds funksioneer en watter nog ontdek moet word, is deel van hierdie proses. 'n Gemeenteplan moet opgestel word en moet realisties en uitvoerbaar wees. Die aktiwiteite wat uitgevoer moet word, moet aangedui word. Daar moet oor die hulpbronne wat nodig is, besin word. Beplanning moet altyd die wese van die gemeente as liggaam van Christus handhaaf. Tydens die beplanningsproses moet doelstellings (langtermyn) en doelwitte (korttermyn) op elke diensterrein waar resultate verwag word, geformuleer word. Die gemeenteplan moet opgestel word. Hierdie plan moet uitvoerbaar wees en aan doelstellings en doelwitte gekoppel wees (Bateman & Zeithaml, 1993:138-142). Die proses behels die volgende: die uitvoer van 'n situasie-analise, formulering van doelstellings en doelwitte en die opstel van 'n plan nadat die beste alternatiewe gekies is. Die aktiwiteite van elke diensmodus en hulpbron om die plan uit te voer, word bepaal deur programme, skedules, standaarde en die opstel van 'n begroting. Hierdie proses moet beplan word vir die gemeente as geheel en ook afgestem word op elke diensgroep (Koekemoer, 1993:21).

## 6. Organisering van die gemeente

Organisering van die gemeente is die bestuurstaak waartydens die plan waarop besluit is, in werking gestel word. Die organisering van die gemeente moet

daartoe bydra om aktiwiteite op 'n ordelike wyse aan die gang te sit (Cronje *et al.*, 1997:28-129). Die belang van organisering is dat die gemeente sy doelwitte suksesvol bereik. Hierdie proses behels dat die gemeente-aktiwiteite bepaal moet word op grond van die doelstellings en doelwitte. Die aktiwiteite moet verdeel en gegroepeer word om die kernfunksies waarin die dienswerk verrig moet word, te bepaal. 'n Organisasiestruktuur vir die gemeente moet ontwikkel word.

Geen twee gemeentes se struktuur kan of hoef dieselfde te lyk nie. Die struktuur sal wissel na gelang van die verskille in gemeentes se behoeftes. Die besluit oor en bepaling van 'n struktuur sal altyd die gawes van lidmate in ag neem (De Bruin, 1995:221-222). Gawes word aangewend in daardie diensgroep waar die gawes van toepassing is. Die struktuur is die wyse waarop en vorme waarin die werksaamhede van die gemeente georganiseer is. Dit dien as kanale vir effektiewe funksievervulling van die gemeente ten einde sy doel te bereik. Die bedoeling met organisering is om 'n struktuur daar te stel om die gawes van lidmate effektief te benut. Die proses van bestuur sal by struktuurvernuwing moet begin. So 'n vernuwing kan ontstaan uit die identifisering van gawes in die gemeente wat tot groepe en 'n struktuur lei (Lussier, 1997:215). Strukture behoort die gemeente se kommunikasie van die evangelie in diens van God, mekaar en die wêreld te begelei en te bevorder.

## 7. Aktivering van die gemeente

Sonder om presies te weet hoe die toekoms gaan lyk, word diegene wat die bestuur in gemeentes behartig, opgeroep om saam met die lidmate nuwe wee daarheen te verken. Samelewingsveranderinge het gemeentes op die een of ander wyse geraak. Die kerk as geheel en gemeentes in die besonder, staan tans midde-in 'n tyd van ingrypende en omvangryke veranderinge. Dit is 'n uitdaging wat die kerk op die mees verantwoorde, maar terselfdertyd ook op die mees kreatiewe en konstruktiewe wyse moet hanteer. Opleiding vir bestuurders om ook 'n leiersrol te vervul, is noodsaaklik (Lussier, 1997:390-391). Leierskap in gemeentes gaan 'n sleutelrol in hierdie proses vervul. Leiers sal op alle terreine en vlakke van die gemeentebediening, dit wil sê predikante, kerkraadslede en leiers van diensgroepe, help om hulle taak nuut te verstaan en met nuwe entoesiasme te verwesenlik. Leierskap sal veral lidmate begelei om die teenwoordigheid en werk van God opnuut raak te sien. Leierskap gaan nie net oor dinge wat leiers moet doen nie, maar oor wat hulle as mense voor God en tussen gelowiges is. Leiers sal moet aanvaar dat geen twee gemeentes dieselfde is nie. Leiers wat deelneem aan begeleiding van bedieningsvernuwing, moet weet dat veranderingsprosesse nie in twee gemeentes dieselfde verloop nie (Smit, 1995:12). Om bogenoemde te kan verwesenlik, moet lidmate daartoe gelei word om in 'n span saam te werk. Lidmate met die gawe van leiding moet geïdentifiseer word vir hierdie taak. In 'n dienstestruktuur moet lidmate met hulle onderskeie gawes saam met ander hulpbronne geaktiveer word om op

dreef te kom. Leiers moet lidmate beïnvloed om diens te lewer volgens die voorbeeld van Jesus. Hy het aan sy leerlinge 'n leefwyse van diens voorgeleef. Die Here gee deur sy Gees gawes van leiding aan lidmate. Hierdie lidmate moet die leiding in die onderskeie diensgroepe neem (Robbins, 1997:461-463). Hierdie lidmate tree op met gesag wat hulle van Christus ontvang. Die leidinggewende taak van bestuur in die gemeente impliseer leierskap, motivering, dienswerk in groepe en kommunikasie (Robbins, 1997:463-469).

## 8. Beheer van die gemeente

Beheer word allerweë beskou as die finale bestuurstaak in die kringloop van beplanning, organisering, aktivering en beheer. Beheer is 'n sistematiese poging om planne te kontroleer om te verseker dat die uitvoering ooreenkomstig die neergelegde planne, standaarde en doelstellings plaasvind. Die resultaat van beheer is waar bestuur afwykings van die plan of standaard bepaal en die nodige regstellende stappe neem (Lussier, 1997:497-504). Beheer behoort deurlopend oor die dienswerk van lidmate uitgevoer word. Die sukses van die gemeentelike funksionering kan gemeet word aan die beheerproses, naamlik die stel van standaarde, die maak van waarnemings, die bepaling van afwykings en die neem van regstellende stappe. Beheer is in elke gemeente nodig, want daardeur word onder andere verseker dat lidmate doeltreffendheid en doelmatigheid nastreef. 'n Beheerstelsel is doeltreffend as dit met beplanning geïntegreer word en buigsaam is. Integrasie van beplanning en beheer vind die beste plaas as beheer reeds tydens die beplanningsproses ingestel word (Cronje *et al.*, 1997:159). Daar moet vooraf bepaal word wat moet gemeet word, waarom moet dit gemeet word en hoe gereeld dit gemeet gaan word. 'n Doeltreffende beheerstelsel laat elke lidmaat toe om selfbeheer toe te pas en is buigsaam en tydig. Beheer is aanvullend tot beplanning, omdat dit by afwykings aandui dat planne en selfs doelwitte hersien moet word. Beplanning en beheer vorm 'n kringloop.

## 9. Samevatting en gevolgtrekkings

*Skriftuurlike begronding van bestuur in die gemeente*: 'n Bestuursproses behoort te fokus op die wese van gemeentewees. Die Heilige Gees rus lidmate toe met die gawe van bestuur. Kerkrade in gemeentes behoort toe te sien dat ruimte geskep word vir die funksionering van hierdie gawe. Hierdie artikel het gepoog om aan te toon dat die funksie van die term bestuur in noue verband staan met die regerende dienswerk van die ouderling. Die term *regeer* het, hoewel dit ingeburger geraak het, 'n negatiewe konnotasie. Die 1983-vertaling van die Bybel het die oorspronklike Griekse woord vir *regeer* met woorde met ander betekenisnuanses vertaal, naamlik in 1 Timoteus 3:4-5; 3:12 met *beheer* en in 1 Timoteus 5:17 met *leiding gee*. Hierdie vertalings van *regeer* bevredig nie en daar sal na alternatiewe gesoek moet word om die wese van die ouderling se taak meer korrek uit te druk. Die bedoeling van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, artikel 16, is dat die ampswerk van die

ouderling in afhanklikheid van Christus gedoen moet word. Hierdie diensterrein word in die woord *bestuur* beter tot uitdrukking gebring. Dié woord word in die 1983-vertaling van die Bybel met *bestuur* vertaal. In Lukas 12:42 word dieselfde woord as in Titus 1:7 met *bestuurder* vertaal. In Lukas word die woord met verstandige of getroue bestuurder, wat 'n slaaf is, vertaal. Die verband waarin die woord *bestuurder* hier vertaal word, gee uitdrukking aan die betekenis van om dienskneg of rentmeester te wees.

Deur die woord *oikonomos* met bestuurder te vertaal, word gepoog om reg te laat geskied aan sowel die dienskneggestalte van die amp as die besondere verantwoordelikheid wat aan die ampsbekleder opgedra is. Die woord *bestuur* is nie werklik vreemd aan kerklike taal nie. Dit kan aanvaar word as 'n goeie vertaling. Die amp van bestuurder is dié van die opsiener (1 Tim 3:1-7) in die Ou Vertaling en ouderling in die Nuwe Vertaling. Die term dui veral op die regering deur die ouderling. Dit is omdat slegs wanneer iemand 'n draer van en instrument in God se hand is, daar van gesag sprake kan wees. In die lig van bogenoemde behoort gemeentes opnuut te besin oor die Bybelse siening van wat 'n gemeente van die Here behoort te wees en watter rol bestuur in die proses behoort te vervul.

*Beplanning van die gemeente:* Beplanning behoort die grondslag te lê vir die ander bestuurstake. Beplanning as gawe van die Heilige Gees gee rigting aan die gemeente en die optrede van die kerkraad. Beplanning vir 'n gemeente is onmisbaar om aan te dui of die gemeente die regte dinge doen, om die gemeente op sy doelstellings en doelwitte te laat fokus en om te sorg vir samewerking tussen al die diensgroepe. Beplanning behoort 'n proses te wees wat proaktiewe bestuur aanmoedig sodat bestuur 'n aktiewe rol kan speel by die skepping van die gewenste toekoms van die gemeente.

*Organisering van die gemeente:* Organisering behoort die sistematiese toewysing van hulpbronne en lidmate se gawes te wees om die plan tot uitvoer te bring. Dit help om die aktiwiteite van die gemeente te orden en te koördineer en aan te toon watter groepe vir 'n spesifieke taak verantwoordelik is. Organisering is 'n deurlopende proses en behoort so bestuur te word.

*Aktivering van die gemeente:* Die neem van leiding behoort die planne wat beraam is om die doelwitte te bereik, in werklikhede om te sit. Lidmate behoort aangespoor te word om doeltreffend as 'n span saam te werk. Die kerkraad het die taak om lidmate met die gawes van leiding te identifiseer. Die leiers moet die lidmate saambind sodat 'n kultuur van groepswerking gevestig kan word. Die belangrikste komponente van die leidinggewende taak is leierskap, motivering, groepwerk en kommunikasie.

*Beheer van die gemeente*: Beheer en die reeling van aktiwiteite behoort die deurlopende taak van die gemeentelike bestuur te wees. Die beheerproses meet

naamlik die gemeente se prestasies in sy diensgroepe, laat optrede met planne ooreenkom en is toesighoudend van aard. Beheer moet uitgevoer word oor die dienswerk en lidmate wat diens lewer. Beheer is met beplanning, organisering en aktivering ineengeweef. Beheersisteme behoort reeds tydens die beplanningsfase ontwikkel te word. Beheer kan voor uitvoering, tydens uitvoering of na uitvoering effektief in 'n gemeente plaasvind. Die meting van prestasie is van belang; daarom moet 'n beheerstelsel vir 'n gemeente buigsaam wees om veranderinge te kan akkommodeer (Van den Berg, 1998:163-168).

## Bibliografie


BATEMAN, T S & ZEITHAML, C P 1993 Management: function and strategy. 2nd ed Boston, Mass : Irwin.

BOVEE, C L., THILL, J V., WOOD, M B , DOVEL, G.P 1993 Management. New York : McGraw-Hill

BURGER, C 1991. Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap: nuut gedink oor gemeentes Kaapstad : Lux Verbi

BYBEL 1933 Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap

BYBEL 1983. Die Bybel: nuwe vertaling Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika

CRONJÉ, G.J DE J., DU TOIT, G S., MOL, A.J., VAN REENEN, M. J & MOTLATLA, M.D C 1997 Inleiding tot die bestuurswese. Johannesburg : Thompsons.

DE BRUIN, H E C. 1995 Beginsel van organisering. (*In* Kroon, J *red.* Algemene Bestuur 3de uitg. Pretoria : Kagiso Tersiêr p 221-242 )

GROENEWALD, E P 1977 Die Pastorale Briewe Kaapstad : N G Kerk Uitgewers

GRUNDMAN, W 1968 Das Evangelium nach Matthëus 4 Aufl Berlin : Evangelische Verlagsanstalt

HENDRIKS, J 1992 Strategiese beplanning in die gemeente: die beginsel en praktyk van gemeentevernuwing Goodwood Hugenote Uitgewers.

JACKSON, C.J 1982 Die funksionering van die charismata in die opbou van die gemeente Pretoria : Universiteit van Pretoria (Proefskrif – Ph D )

KOEKEMOER, L 1993 Begeleiding van bedieningsvernuwing: begeleiding van leraars binne 'n veranderende samelewingskonteks (Lesings gelewer op 5 en 6 Augustus 1993 by die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding, Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie ) (Ongepubliseerde aantekeninge in besit van navorser )

LINDGREN, A J 1992. 19th ed Foundations for purposeful church administration. Nashville, Tenessee Abingdon

LUSSIER, R N 1997 Management: concepts, applications, skill development. Cincinatti, OH South-Western College

MARX, S., RADEMEYER, W F & REYNDERS, H.J J 1991 Bedryfsekonomie: riglyne vir ondernemingsbestuur. Pretoria : Van Schaik

NEL, M 1994. Gemeentebou Johannesburg Orion

POP, F J 1978 De eerste brief van Paulus aan de Corinthiers: de prediking van het Nieuwe Testament 4de dr Nijkerk Callenbach

ROBBINS, S.P. 1997. Managing today Englewood Cliffs, NJ : Prentice-Hall.

ROSSOUW, P., *samest.* 1982. Ons glo: die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse Kaapstad N G Kerk Uitgewers.

SMIT, A., *red.* 1995 Nuut gedink oor leierskap in gemeentes: die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap Kaapstad : Lux Verbi

VAN DEN BERG, A. 1998 Die plek en funksie van bestuur in die kerk Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO (M Com -verhandeling )